PRINCE ALBERT MUNICIPALITY

PRIVATE BAG X53

PRINCE ALBERT, 6930

# HER-ADVERTERING VAN ALGEMENE WERKERS PAAIE EN STORMWATER X POSTE

## KENNISGEWING 163/2024

*Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:*

## ALGEMENE WERKER : PAAIE EN STORMWATER X 3 POSTE

**Pos identifikasie nommer : WC052-1.4.2.1.4.1 – 1.4.3**
**Direktoraat : Tegniese Dienste**
**Afdeling : Operasionele Dienste**

**VEREISTES**

- Graad 10
- Basiese geletterdheid
- 1 jaar ondervinding relevante ondervinding
- Syfervaardighede / Moet akkurate lesings kan neem;
- Moet fisies, fiks en gesond wees;
- Moet hardwerkend en pligsgetrou wees;
- Vermoë om te kommunikeer in twee amptelike tale, Afrikaans, Engels of Xhosa soos van toepassing in die Wes-Kaap Provinsie.

**AANBEVELING**

- **BESTUURSLISENSIE WORD AS VOORDEEL BESKOU**

**BEVOEGDHEIDSVLAKKE**

- **Funksionele/Professionele Bevoegdhede :** Bestuur van werk; Werksplek Veiligheid; Taak verantwoordingspligtigheid en Mondelinge Kommunikasie
- **Openbarediensoriëntering Bevoegdhede:** Diensleweringoriëntering ; Interpersoonlike verhoudings en Kommunikasie
- **Persoonlike Bevoegdhede :** Aksie- orienteering: Volharding; Verantwoordingspligtigheid en etiese gedrag; Leeroriëntering ; Impak en Invloed en Spanoriëntering

**PLIGTE**

- Voer algemene arbeidsaktiwiteite uit wat verband hou met die instandhouding en herstelwerk aan paaie, stormwater en dreineringstelsels deur gebruik te maak van handgereedskap en teersnyer om gedefinieerde areas uit te grawe, lê van materiaal en versterkingsprodukte (betonblokke),
- Skoonmaak van blokkasies en verwydering van puin van dreineringstelsels vee van sypaadjies.

- Onderneem algemene arbeidstake en bedryf klein aanleg en toerusting tydens padwerke, stormwaterdreinering en padinstandhouding en naamborde ·
- Onderneem spesifieke aktiwiteite/take wat verband hou met die proses van onkruiduitroeiing ·
- Maak voertuie skoon en sorg vir die berging en versorging van gereedskap en toerusting ·
- Onderneem spesifieke aktiwiteite wat verband hou met die handhawing van die netheid van strate en omgewing.
- Voer verkeersbeheerprosedures uit en plasing van tydelike naamborde en konstruksie tekens
- Verseker eie veiligheid en span se veiligheid deur beskermende klere te dra waar nodig.
- Verseker die veiligheid van die publiek deur voorgeskrewe veiligheidsprosedures te volg

**SALARIS**

**T 4 – R 127 033 , 32 per jaar ( R 10 586, 11 per maand)**

Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele: Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof- en siekverlof en 'n dertiende tjek na 12 maande diens

**STATUS OF POSISIE**

Permanent- Aanstelling is onderworpe aan 'n 3 Maande proeftydperk

**SLUITINGSDATUM**

Vrydag 15 November 2024 om 15h00.

**ALGEMEEN**

1. **Aansoeke moet gerig word op die voorgeskrewe aansoekvorm (verkrygbaar van die munisipale webblad of Menslike Hulpbronkantore), vergesel van 'n curriculum vitae, oorspronklik, gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument, en moet gerig word aan Mnr Mario Stall, MENSLIKE HULPBRONNE AFDELING, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930 voor of op VRYDAG 15 NOVEMBER 2024 om 15:00.**

2. Applikante kan hul aansoeke per hand of elektronies indien by jobapplications@pamun.gov.za
3. Kandidate moet bereid wees om aan 'n fisiese , mediese toets, onderhoud en evaluasieproses onderwerp te word en moet bewus wees dat vorige werkgewers en verwysings gekontak kan word en dat hulle kwalifikasies en kredietrekord nagegaan kan word.
4. Navrae word gerig aan:

| | |
|---|---|
| **Werkverwante navrae** | **Mnr Ashley America**<br>Tel: 023 541 1036<br>Epos: ashley@pamun.gov.za |
| **Menslike Hulpbronne verwante navrae** | **Mnr Mario Stall**<br>Tel: 023 541 1036<br>Epos: marios@pamun.gov.za |

5. Prins Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

Indien u nie binne 90 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

6. Neem asseblief kennis dat die volgende tot diskwalifikasie sal lei:

   6.1) Nie-indiening van afskrifte van akademiese kwalifikasies/rekords nie.

   6.2) Gunswerwing van Raadslede.

   6.3) Indien van bedrieglike kwalifikasies en/of dokumente.

**Noël Van Stade**
Wnde.Munisipale Bestuurder
01 November 2024